Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 23 May 2018
Page: 7

AVE: 13203.01
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

# Tuks wen Varsity-toernooi

Wilhelm de Swardt

Iemand het lank terug gesè dit is nie hoe jy iets begin wat saak maak nie, maar hoe jy eindig. Die spelers van Tuks se manshokkiespan het dit gisteraand in Stellenbosch te harte geneem in die eindstryd van die Varsity-toernooi toe hy Maties met 5-0 geklop het.

'n Week tevore in die halfeindstryd teen Wits wou dit lyk asof dit neusie verby vir Tukkies was. Peobo Lembethe (kaptein) het die gelykmakende doel met tien sekondes se speeltyd aangeteken.

Dit het sy span in staat gestel om die wedstryde met strafhoue te beklink. Tuks het ook in die uitspeelwedstryde twee nederlae gelei. Daarenteen het Maties agt wedstryde in 'n ry gewen.

Gisteraand, toe dit saak maak, was dit die Tukkies wat die toon aangegee het. Sam Mvimbi het in die sewende minuut Maties se verdedigers met flinke voet- en stokwerk onkant gevang om sy span se eerste tweepuntdoel aan te teken. Net voor rustyd het Bradley Sherwood 'n strafhou-poging in die doelhok weggebère om die voorsprong na 3-0 te rek.

In die tweede helfte het die wedstryd wipplank gery met albei spanne wat net nie kon afrond wat hulle begin het nie. Steve Paolo het Tuks se derde doel gedurende die "Powerplay" aangeteken om die telling 5-0 te maak.

Hendrik Kriek (Tuks se doelwagter) het aanvanklik nie baie gehad om te doen nie, maar teen die einde toe die Maties se spelers hom begin toets, het hy deurgaans koelkop gebly. Sherwood en Mark Chong was Tuks se ander uitblinkers.


Guy Elliott (Tuks se afrigter) was met reg erg emosioneel toe die eindfluitjie geblaas het. Hy kon nie genoeg sy spelers loof vir die wyse waarop hulle gespeel het nie.

"Eintlik het Tuks 'n baie jong span, maar vanaand (eergister) het hulle soos gesoute veterane gespeel. Ons sukses is toe te skryf aan die beginsel van een vir almal en almal vir een. Dit sluit die afrigtingspan in. Ons het niks aan die noodlot oorgelaat nie."

Lembethe het sy afrigter se woorde beaam.

"Ons beplanning het al in 2016 begin oomblikke nadat ons in die Varsity-eindstryd teen die Universiteit van Johannesburg verloor het. Guy het daar en dan besluit dat ons die volgende eindstryd sou wen. Alles wat ons van toe af gedoen het, was daarop gemik om vanaand (eergister) as wenners van die veld te stap. Ek skryf ons sukses daaraan toe dat ons die klein dingetjies reg gedoen het."

Tuks oorheers op die oomblik weer die Varsity-toernooie. Van die vier wat afgehandel is, het Tuks reeds drie gewen. Hulle is ook die krieket- en atletiek-kampioene. Verlede jaar het Tuks sewe van die toernooie gewen.



**Sam Mvimbi was Maandagaand een van Tuks se puntemakers in die Varsitybeker-eindstryd teen Maties.** Foto: REG CALDECOTT

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.